Hoofstuk 2

Algerië: oorsake, verloop en gevolge van blanke verset

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die agtergrond waarteen die regse blanke verset in Algerië ontstaan het, geskets deur 'n historiese oorsig te gee van die Franse se kolonisasie en bestuur van Algerië. Die oorsake en verloop van die Arabiese Algeryne se verset teen Franse oorheersing, sowel as die begin van die blanke teen-verset tot ongeveer 1958 word kortliks bespreek. Die hoofklem val op die verskerpte blanke verset teen hervorming na die bewindsoorname van generaal Charles de Gaulle en die uiteindelike beëindiging daarvan in 1962 met die Evian-ooreenkoms. Daar word gepoog om perspektief op die oorsake, verloop en gevolge van hierdie verset te bied.

2.2 Frankryk en Algerië: 'n historiese oorsig

In 1830 is Algerië, wat reeds langer as driehonderd jaar deel van die Ottomaanse Ryk was en 'n onmiskenbaar Arabiessprekende land was, deur Frankryk verower.[1]

'n Franse goewerneur is aangestel om die land polities en administratief te beheer. In die ontwikkelde kusgebied het die Franse 'n vorm van direkte beheer ingevoer, terwyl die onherbergsame binneland polities deur die tradisionele leiers van die plaaslike bevolkings beheer is in 'n poging om die goedgesindheid en samewerking van die bevolking te verkry.[2]

Die Franse regering se uitgangspunt was dat die inheemse Berber- en Arabiese bevolking stelselmatig verfrans sou kon word deur blootstelling aan die Franse kultuur. In werklikheid is slegs 'n geringe middelklas-gedeelte van die bevolking geassimileer. Slegs ongeveer 'n kwart van die Arabiese bevolking het toegang tot onderrig gehad. Gemengde huwelike oor verskeie geslagte het gelei tot 'n groot vermengde Mediterreense bevolking in die stede langs die kus.[3]

---

[1] H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria, 1962-1965: party development through personal rule*** (unp. Ph.D. thesis, Columbia University, 1970), p.11; H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria: party development in a revolutionary society***,.pp.11-17.

[2] H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria, 1962-1965*** ..., p.11.

[3] P. Ouston, ***France in the twentieth century***, p.232; P.M.E. Lorcin, ***Imperial identities: stereotyping, prejudice and race in Colonial Algeria***, p.227.

Die plaaslike bevolking het egter vyandig teenoor die Franse gebly en opstande teen Franse oppergesag was aan die orde van die dag. Met die Franse se groter militêre krag is die opstande telkens onderdruk, die weerstandsleiers in hegtenis geneem en uit die land verban. Die gevolg van die voortslepende antipatie teenoor die Franse was dat die inheemse bevolking telkens dieper die binneland ingetrek het in 'n poging om so ver as moontlik van die Franse gesag weg te kom.[4]

In 1865 het Frankryk Algerië formeel geannekseer en is alle Algeryne as Franse onderdane beskou. Frankryk het na die anneksasie begin om die Algeryne op 'n klein skaal met hulle ontwikkeling te help. Die omstandighede in Algerië in hierdie era sou in 'n neutedop beskryf kon word as synde tegelyk 'n Arabiese invloedsfeer, 'n Europese kolonie en 'n Franse militêre basis. Die militêre teenwoordigheid van Frankryk in Algerië het sedert 1865 begin toeneem as gevolg van die smeulende ontevredenheid oor die Franse teenwoordigheid by die plaaslike bevolking en die Franse kon wet en orde alleen met wapengeweld handhaaf.[5]

In Hargreaves en Hefferman[6] word die feit dat die Franse en die Algerynse Moslems vir meer as 'n eeu in 'n liefde-haat verhouding vasgevang was, beklemtoon.

Die Franse beleid het Europese vestiging aangemoedig deur gratis grond vir landbou-ontwikkeling aan te bied en nuwe dorpe te vestig om Europeërs te lok. Dit het daartoe gelei dat die setlaarsbevolking van 3 000 in 1831 tot 131 000 in 1851 gegroei het. Die koloniste het met hul aankoms die voordeel van ryk landbougrond, wat van die Moslem kleinboere vervreem is, en van landelike ontwikkeling, gehad. Gedurende 1861 tot 1870 het Frankryk 400 000 hektaar van die Moslem kleinboere van Kabylië gekonfiskeer en aan koloniste uitgedeel. Die Franse moederland se belangstelling in 'n oorsese mark en vars produkte, sowel as die koloniste se strewe na winste en privaatondernemings, het meegewerk om 'n nuwe bestel en gemeenskap tot stand te bring.[7]

Teen die tyd dat die rewolusie teen Frankryk op 1 November 1954 uitgebreek het, het Algerië se strategiese ligging naby aan Frankryk van hom 'n besonder belangrike skakel in die Franse koloniale ryk gemaak. As Frankryk se vernaamste handelsvennoot en met

---

[4] W. le Roux, ***Afrika in 'n neutedop***, p.1; H.F. Jackson, ***The FLN In Algeria, 1962-1965*** ..., p.12; P. Ouston, ***France in the twentieth century***, p.232.

[5] W. le Roux, ***Afrika in 'n neutedop***, p.1; H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria, 1962-1965*** ..., pp.12-15.

[6] A.G. Hargreaves & M.J. Hefferman (Eds), ***French and Algerian identities from colonial times to present: a century of interaction***, p.3.

[7] H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria, 1962-1965*** ..., p.13; J. Talbott, ***The war without a name: France in Algeria, 1954-1962***, p.12; P. Curtin et al., ***African history***, p.353.

die verwagting in die jare na die Tweede Wêreldoorlog, dat groot gas- en oliereserwes ontdek sal word, 'n verwagting wat vanaf 1956 verwerklik is, was Algerië vir Frankryk van besondere ekonomiese belang.[8]

Die realiteit in die Algerynse dorpe was egter dat die kontraste tussen die tradisionele landbou van die Algerynse kleinboere en die moderne landbou van die Europese landbouers ná 1945 geleidelik verskerp het. Sosiale en ekonomiese ongelykhede het gelei tot die verstedeliking van die inheemse bevolking (inboorlinge) na veral blank gedomineerde gebiede.[9] In die stede Algiers, Oran, Constantine en Bone het meer as 'n derde van die setlaars witboordjiewerk verrig, teenoor slegs 6% Algeryne in soortgelyke posisies. Terwyl die meerderheid Algerynse mans as ongeskoolde werkers bedrywig was, het slegs een uit 'n honderd blankes ongeskoolde arbeid verrig. Algerynse dokters en regsgeleerdes was so skaars soos blanke ongeskoolde werkers. 'n Kwart van die inheemse Algerynse bevolking was werkloos, terwyl elke blanke kolonis wat 'n werk wou hê sonder moeite 'n werk kon vind. Die blanke koloniste was op alle gebiede 'n bevoordeelde en bevoorregte klas.[10]

Anders as in Suid-Afrika, het die verskille nie tot residensiële skeiding gelei nie. Met die uitsondering van die welvarendste en swakste woongebiede het inheemse Algeryne en blankes naas mekaar gewoon. In die belangrike werkersklas woongebied van Algiers, Bab El Qued, 'n sentrum van anti-Arabiesgesinde koloniste, het byvoorbeeld ook heelwat Arabiessprekende Algeryne gewoon.[11]

In die bergagtige, onproduktiewe plattelandse dele van die land het die Moslems in groot getalle onder toenemend verswakkende sosiale en ekonomiese toestande gewoon, terwyl die blankes deur hul moderne landboutegnieke bevoordeel is en hulle die oorhand op landbougebied begin kry het en Frans-vervaardigde produkte die tradisionele vaardighede van die inheemse bevolking oorbodig gemaak het. Die sosiale en ekonomiese diskriminasie en die diskriminerende Franse wette het die ontwikkeling van die inheemse Moslembevolking gekniehalter.[12]

---

[8] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981: an introductory survey***, p.164; T. Smith, ***The French stake in Algeria, 1945-1962***, p.22.

[9] J. Talbott, ***The war without a name*** ..., p.12.

[10] J. Talbott, ***The war without a name*** ..., p.13; P. Ouston, ***France in the twentieth century***, p.233.

[11] J. Talbott, ***The war without a name*** ..., p.13.

[12] H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria*** ..., p.8; J.D. Fage, ***A history of Africa***, p.465.

Die Brazzaville Beraad van 1944 het 'n nuwe rigting aan Frankryk se koloniale beleid gegee, maar die hoop van talle Afrika-leiers vir groter seggenskap in hulle gebiede is gedurende 1945 tot 1950 verydel deur die politieke maghebbers in Frankryk. Die nasionale bewussyn onder die Arabiessprekende Algeryne is in hierdie tyd versterk deur faktore soos propaganda ten gunste van selfbeskikking, die besetting van Frankryk deur die Duitsers in die Tweede Wêreldoorlog, die oplewing van Arabiese nasionalisme in die Arabiese state, die groot getal Moslems wat in die Franse weermag diens gedoen het, sowel as die invloed van die uitsaaiwese.[13] Volgens Fage[14] het die Arabiese Algeryne teen 1954 die heelhartige steun van Arabiese nasionaliste dwarsoor die Moslem-wêreld geniet en was daar weinig Arabiese Algeryne wat die gewapende verset teen Frankryk teengestaan het.

In 1947 het die De Gaulle-regering veranderinge aan die koloniale stelsel aangebring, wat heelwat vergunnings aan die Algeryne gemaak het. Die grootste verandering was die skepping van die Franse Unie, wat bestaan het uit die moederland, Frankryk, oorsese departemente en oorsese gebiede. Die politieke struktuur van die Franse Unie het bestaan uit die president (die president van die Republiek), die Haut Conseil de l' Union Francaise (Hoofraad van die Unie van Frankryk) en die Assemblee d' Union Francaise (AUF, Vergadering van die Franse Unie). Die Hoofraad se hoofdoel was om die Franse regering te help met beleidsvorming vir die Unie, maar is nooit aangestel nie. Die Vergadering is wel saamgestel. Die 204 lede van die Vergadering is hoofsaaklik saamgestel uit Franse uit die metropolitaanse gebiede van Frankryk (die helfte), terwyl 40 van die 104 oorsese lede uit die twee Afrika federasies (Frans-Wes-Afrika en Frans-Ekwatoriaal-Afrika) gekom het en die AUF sewe-en-twintig lede gekies het. Algerië het 18 verteenwoordigers gehad waarvan die helfte Moslems was. Die Vergadering was veronderstel om die federale beginsel te versinnebeeld, maar het in werklikheid weinig mag gehad. Dit het hoofsaaklik as 'n adviserende liggaam gefunksioneer en die besluite wat daardeur geneem is rakende die oorsese gebiede, was nie bindend vir die Franse regering nie.[15]

---

[13] H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria*** ..., pp.1-17.

[14] J.D. Fage, ***A history of Africa***, p.466.

[15] H.A. Gailey, ***History of Africa from 1800 to present***, p.234; J.D. Fage, ***A history of Africa***, p.465; K. Smith & F.J. Nöthling, ***Afrika noord van die Limpopo: die imperiale wedervaringe sedert 1800***, p.362; H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.459.

Die Franse oorsese gebiede se verteenwoordiging in die sentrale regering was gering, maar dit het die intellektueles uit Afrika met die sentrale regering in Frankryk in kontak gebring en sodoende is 'n potensiële leierskorps op die hoogste vlak betrek.[16]

Volgens die Statuut van Algerië (1947) is Algerië in verskillende departemente met 'n burgerlike karakter en finansiële outonomie verdeel. Dit het voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Wetgewende Vergadering van 120 lede, waarvan die helfte Europeërs en die ander helfte Moslems moes wees. Dit het ook volle Franse burgerskap aan ongeveer 30 000 Moslems, wat oor sekere opvoedkundige en burgerlike kwalifikasies beskik het, verleen. Die militêre gebiede in die suide van Algerië is opgehef, werkspermitte vir Algeryne om in Frankryk te gaan werk is afgeskaf en Arabies is as voertaal in skole ingevoer. Hoewel al hierdie maatreëls ingestel is om die griewe van die Algeryne te besweer, het dit nie die gewenste uitwerking gehad nie, omdat die *colons* (koloniste) die amptenary oorreed het om die hervormings nie uit te voer nie en die verkiesings te manipuleer sodat Messali Hadj se ekstremistiese Mouvement pour le Triomphe des Libertès Dèmocratiques (MTLD; Beweging vir die Triomf van Demokratiese Vryhede) nie die oorhand kry nie.[17]

Die stemstelsel, onmag om die hervormings te laat realiseer en administratiewe inmenging in die verkiesings het veroorsaak dat die Statuut nie so effektief soos wat bedoel is, was nie. Een van die redes hiervoor was waarskynlik die feit dat die nuwe wetgewing nooit deur 'n twee-derde meerderheid in die Nasionale Vergadering in Parys bekragtig is nie[18]

Holland[19] is van mening dat daar oor geen koloniale gebied se interne probleme so min daadwerklike ontleding gedoen is as wat die geval met was Frans-Algerië in die laat veertiger- en vroeë vyftigerjare nie. Daar kan veral twee verduidelikings vir die situasie gegee word. Een van die oorsake van 'n gebrek aan realistiese beleidsformulering oor Algerynse kwessies was die mag van die setlaar- (koloniste-)drukgroep in die Franse parlement. Hierdie drukgroep se pogings is deur die verdelende aard van die veelvuldige partye en faksies, wat in die politiek van die Vierde Republiek aan die werk was,

---

[16] T. Smith, ***The French stake in Algeria, 1945-1962***, pp.48-55.

[17] Halsey, W.D. et al. (Eds.), ***Collier's encyclopedia, vol. 1***, 1963, p.556; H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria*** ..., p.18; K. Smith & F.J. Nöthling, ***Afrika noord van die Limpopo*** ..., p.362.

[18] Halsey, W.D. et al. (Eds.), ***Collier's encyclopedia, vol. 1***, p.556; W. le Roux, ***Afrika in 'n neutedop***, p.2; G.A. Kelly, ***Lost soldiers: the French army and empire in crisis, 1947-1962***, pp.5,10; T. Smith, ***The French stake in Algeria, 1945-1962***, p.48.

[19] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.165.

geneutraliseer. Hulle was nooit in staat om 'n permanente koalisie met enige groep te vorm, alvorens die onstabiele orde telkens weer versplinter het om nuwe koalisies te vorm nie. Die direkte gevolg van hierdie gemeenskaplike onpartydigheid was dat geen konstruktiewe oplossings vir politieke probleme gevind kon word nie.[20]

'n Tweede oorsaak van die mislukking van die Vierde Republiek se pogings om aan Algerië selfbestuur te gee, kan gelê word voor die deur van die Franse amptenary in Algerië, wat deurspek was van negatiwiteit ten opsigte van verandering as gevolg van hul verweefdheid met die belange van die *pieds noirs,* oftewel "swart voete"[21], soos die Franse na blankes wat in Noord-Afrika gebore is verwys het.[22]

Ten spyte van die konserwatiewe gees wat sedert 1946 vir byna 'n dekade lank in Frankryk geheers het, is drie belangrike wette met betrekking tot die Afrika-federasies deurgevoer. Die Tweede Lamine Gueye-hervormingsmaatreëls van 1950 het aan Afrikane gelyke werksomstandighede en betaling met hulle Franse werksgenote in die staatsdiens verseker. Die Oorsese Arbeidskode van 1952 het aan werkers hoër lone, beter werksure, gesinstoelae en kollektiewe bedingingsregte gewaarborg.[23] Nietemin is Algiers teen November 1954 verander in 'n gebied van sektariese geweld tussen twee worstelende klasse, naamlik die blankes wat saam in die kusgebiede midde in 'n oorlewingskrisis gewoon het en die ontevrede Arabiese bevolking wat saamgebind is deur hul Islamitiese geloof.[24]

Die tienjaar-tydperk ná die Tweede Wêreldoorlog waarin die Franse regering relatief staties was in sy hantering van sy koloniale besittings, was gekenmerk deur gebeure wat uiteindelik 'n snelle afwenteling van mag na die Afrikane tot gevolg sou hê. In 1955, teen die einde van Pierre Mendès se bewindstydperk as eerste minister van Frankryk, het hy egter twee raamwerke vir verandering in Algerië geskep waarvan geeneen van sy opvolgers afgewyk het nie. Eerstens het hy 'n massiewe militariseringspoging geloods ten einde die opstand van die rebellerende Front de Liberation Nationale (FLN) aan

---

[20] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.166.

[21] 'n Verklaring wat soms gegee word vir die term "swart voete" is dat die koloniste so genoem is omdat hulle hul voorspoed verkry het deur die regte van die donkerder (swart) Arabiese bevolking te vertrap.

[22] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.166.

[23] H.A. Gailey, ***History of Africa from 1800 to present***, p.236.

[24] A. Harrison, ***Challenging De Gaulle: the OAS and the counter revolution in Algeria, 1954-1962***, p.17; P.M.E. Lorcin, ***Imperial identities*** ..., p.244.

bande te lê, en tweedens het hy 'n program van doelgerigte politieke en sosiale hervorming gevestig.[25]

Hoewel Arabiese nasionalisme in Algerië se twee buurlande, Tunisië en Marokko, ook vir Frankryk 'n groot kopseer was, het die Franse die realiteit van dekolonisasie daar besef en is onafhanklikheid in 1956 aan die twee gebiede verleen. Toegewings aan die Algerynse selfbeskikkingstrewe was egter 'n perd van 'n ander kleur.

2.3 Oorsake en verloop van die Arabies-Algerynse verset

Vroeg in 1950 het die FLN opstande dwarsoor Algerië georganiseer. Berbers en ander Arabiessprekende inwoners wat die Moslem-geloof aangehang het, het in opstand gekom oor hulle ondergeskikte, onderdrukte posisie in die samelewing. Terrorisme en intimidasie het so vinnig toegeneem dat Frankryk verplig was om duisende Franse soldate na Algerië te stuur om die opstande te onderdruk.[26]

Byna gelyktydig met die onafhanklikheidswording van Tunisië en Marokko het 'n sorgvuldig beplande gewapende rewolusie deur 'n groep jeugdige Arabiese nasionaliste, die sogenaamde Organisation Secretè (Geheime Organisasie), uitgebreek. Dit is deur Radio Kaïro 'n heilige oorlog vir vrede, Arabiese nasionalisme en Islam gedoop. Die rebelle het gelyktydig op 70 teikens regoor Algerië toegeslaan en het die Franse maghebbers heeltemal onkant gevang. Uit hierdie rebellie sou die FLN oor die volgende drie jaar groei.[27]

Tydens die uitbreek van die oorlog in November 1954 is 'n duidelike skeidingslyn tussen die geografies gekonsentreerde Europeërs en die ontevrede Arabiese werkersklas in die stede getrek. Insiggewend is dat terrorisme nooit dwarsdeur Algiers plaasgevind het nie, maar dat dit beperk was tot twee gebiede, naamlik die Europese buurt Bab el Qued en die Arabiese Cashbah. Bab el Qued was die simbool van die blankes se weerstand teen verandering en die Casbah is verander in 'n stadjie van rewolusionêre geweld.[28]

Soos reeds genoem, was een van die hoofoorsake vir die aanvang van die bevrydingstryd in Algerië die sterk nasionale bewussyn onder die inheemse bevolking. Die vlaag van nasionalisme wat oor Afrika en die Midde-Ooste gestu het, het ook in dié

---

[25] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.166.

[26] W. le Roux, ***Afrika in 'n neutedop***, p.2; H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria, 1962-1965*** ..., p.17; P. Ouston, ***France in the twentieth century***, p.234.

[27] P. Ouston, ***France in the twentieth century***, p.233.

[28] A. Harrison, ***Challenging De Gaulle*** ..., p.17.

Arabies-gewortelde Noord-Afrikaanse land stukrag aan verset teen hul koloniseerders verleen. Terselfdertyd het 'n erfenis van rassediskriminasie en die invloed daarvan op die volksiel van die blanke Algeryne die vrees onder blankes laat ontstaan dat hulle bevoorregte posisie, wat veral op hul velkleur berus het, bedreig word en het elitisme gelei tot toenemende rassediskriminasie teen die donkerder bevolkingsdeel.[29] Aansluitend hierby kan die vinnig groeiende bevolking,[30] 'n stagnante landbou-sektor, toenemende verstedeliking met gevolglike werkloosheid en die ontnugtering van die intellektueles met die realiteite van die tydvak as aanleidende oorsake van die politieke spanning en voortspruitende terreur gesien word.[31]

Die swak verhouding tussen Frankryk en sy Algerynse onderdane, veral as gevolg van die 1945 Setif-slagting, waarin die Franse magte duisende opstandige Algeryne sonder aansien des persoon uitgewis het, was 'n faktor wat nie uit die oog verloor moet word nie, veral gesien teen die agtergrond van Frankryk se pogings om homself as 'n liberale konstitusionele heerser oor sy kolonies voor te doen.[32]

In 1954 is Fransbeheerde Algerië skerp gepolariseer op grond van rassisme en gevolglike ekonomiese, politieke en kulturele uiteenlopendheid. Aan die een kant van die skaal was een miljoen Franse *colons* of koloniste, aan die ander kant nege miljoen Algeryne sonder politieke regte. Die verhouding tussen Frankryk en Algerië was op 'n kolonialistiese grondslag geskoei en met geweld in stand gehou. Die Algerynse onafhanklikheidstryd teen Frankryk en sy blanke setlaars het haat en geweld in albei lande aangevuur.[33] Die Algeryne het hulle bende-aktiwiteite gemik op hulle teenstanders en talle gruwelmoorde is gepleeg.[34]

In 1954 het daar skeuring in Messali Hadj se party, die MTLD, plaasgevind. Drie faksies het ontstaan: die eerste, met Messali, het alle samewerking met die Franse geweier, die tweede faksie wou voortgaan met samewerking met die Franse, veral in munisipale sake met die oog op die verkryging van ondervinding, en die derde faksie

---

[29] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.165; H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria, 1962-1965*** ..., p.36.

[30] In Algiers alleen was daar 'n 300 000 groei tussen 1954 en 1960, waardeur die Moslembevolking van die stad verdubbel het. R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.165; H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria, 1962-1965*** ..., p.10.

[31] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.165; H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria, 1962-1965*** ..., p.10.

[32] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.165; A.G. Hargreaves & M.J. Hefferman (Eds.), ***French and Algerian identities from colonial times to present: a century of interaction***, p.39; H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.458.

[33] M. Evans, "French resistance and the Algerian war", ***History Today***, vol. 41, Jul. 1991, p.43; H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.362.

[34] H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.459.

het begin met 'n gewapende verset ten einde hul oogmerk, die skepping van 'n nuwe eenheid, te bereik. Die derde faksie het hul verset begin in die nag van 1 November 1954 deur georganiseerde aanvalle op polisieposte, poskantore en soortgelyke instellings in die Batna en Constantine gebiede.[35]

Slegs ongeveer 500 man was aanvanklik by die gewapende verset betrokke. Hulle was gewapen met 'n paar gewere en gesteelde dinamiet. Hulle optrede was hoofsaaklik onsuksesvol, maar dit het die nodige stukrag verleen om die verset in beweging te bring, wat vinnig in momentum sou toeneem. Die terroristestryd het vinnig ontwikkel tot 'n volskaalse rebellie en teen die einde van 1954 het meer as 500 000 Franse soldate hul op Algerynse bodem bevind.[36]

Die rebellie is gekenmerk deur bloedige voorvalle soos dié op 2 Augustus 1955 toe 32 Arabiere en 71 Franse naby Philipville in 'n wrede slagting vermoor is. Grootskaalse opstande en ontwrigting was daaglikse gebeurtenisse.[37]

Teen die lente van 1956 het die FLN al die voormalige leiers van die weerstandspartye, behalwe Messali Hadj, verenig. Die oorblyfsels van die MTLD het die MNA (Mouvement National Algerien, dit wil sê Nasionale Algerynse Beweging) gevorm, 'n beweging wat op sy eie teen die Franse geveg het.[38]

Die FLN-magte het op hierdie stadium drie primêre doelwitte nagestreef. Hulle hoofoogmerk was die beëindiging van die geneigdheid onder baie Arabiessprekende Algeryne om met die Franse gesag saam te werk. Hulle hoofteiken was die pro-Franse hoofmanne en hulle het nie geskroom om landelike leiers, oor wie se lojaliteit selfs geringe twyfel bestaan het, te elimineer nie.[39]

Groot dele van veral die meer afgeleë distrikte was in beheer van die opstandelinge, wat ondersteun is deur die fondse ingesamel van die bevolking. Terreurdade het in Algiers geheers. Moslems wat daarvan verdink is dat hulle met die Franse saamgewerk het, is vermoor nadat hulle deur losweg saamgestelde rebelleregbanke ter dood veroordeel is. Tussen die FLN en die MNA het burgeroorlog in beide Algerië en in die metropolitaanse gebiede binne Frankryk gewoed en die FLN, wat baie aggressiewer was, het in

---

[35] A.G. Hargreaves & M.J. Hefferman (Eds.), ***French and Algerian identities from colonial times to present*** ..., p.39; J. Ruedy, ***Modern Algeria: the origins and development of a nation***, p.164.

[36] H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.459.

[37] Halsey, W.D. et al. (Eds.), ***Collier's encyclopedia, vol. 1***, p.556.

[38] J. Ruedy, ***Modern Algeria*** ..., p.164. .

[39] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.168.

vertwyfeling en wanhoop geraak oor elke idee en optrede deur die vorige leierskap en op barbaarse wyse daarop gereageer.[40]

Die tweede doelwit van die FLN was die organisering van sy distriksleiers in 'n nasionale netwerk, terwyl hulle hul, derdens, daarvoor beywer het om hulle voorsieningsroete oor die Marokkaanse grense ten alle koste te beskerm en in stand te hou.[41]

'n Korrespondent van die *Manchester Guardian*, wat geruime tyd by 'n insurgensie-eenheid deurgebring het, het in Julie 1957 gerapporteer dat die FLN 'n effektiewe, gedissiplineerde mag met 'n verenigde bevel en strategie was. Die meeste van sy offisiere was professionele soldate, wat voorheen in die Franse weermag diens gedoen het. Die FLN het oor sy eie mediese dienste en Rooikruisorganisasie beskik en sy troepe het gereelde betaling en gesinstoelae ontvang. Daar is volledig rekord van ongevalle gehou sodat die naasbestaandes van gevalle soldate oorlogspensioene sou kon ontvang wanneer Algerië onafhanklik word. Die uitgawes van die FLN is betaal met skenkings vanaf simpatiseerders en ander bronne, soos die verkoop van vee afgeneem by gegoede grondeienaars. Ook die Franse parlementêre sending, wat Algerië besoek het, het rapporteer dat die rebelle se politieke en administratiewe organisasie van groot vordering getuig.[42]

Hoewel die FLN ten opsigte van al drie sy doelwitte vooruitgang gemaak het, het die leiers ook sekere beperkinge, waaraan hulle onderworpe was, geïdentifiseer. Gevolglik is besluit op 'n strategieverandering deur onder meer die koloniale verdedigingstruktuur in Algiers te begin infiltreer.

Op hierdie tydstip het die *modus operandi* van die rebelle radikaal begin verander. Tot die einde van 1956 het die rebelle in leërs van ongeveer drie duisend man gefunksioneer. Die geslaagde Franse optrede teen hulle het hulle genoop om in kleiner groepe te verdeel en 'n guerillastryd te voer. Hulle het ook geneig om gebiede, wat tot op hierdie tydstip relatief vreedsaam was, te infiltreer. Teen die einde van 1956 was die statistiek ten opsigte van gesneuweldes reeds skrikwekkend.[43] Teen Desember 1956 was die sterftesyfer 17 784 rebelle teenoor die 1 892 Franse soldate. Hoewel die rebelle se verliese skerp toegeneem het, het hulle getalle ook toegeneem. Hierdie

---

[40] Halsey, W.D. et al. (Eds.), ***Collier's encyclopedia, vol. 1***, p.556; J. Ruedy, ***Modern Algeria*** ..., pp.164-166.

[41] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.168.

[42] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1957 - 31 Dec. 1958, vol. 11, no. 1162, p.15882; H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria*** ..., p.39.

[43] J. Ruedy, ***Modern Algeria*** ..., p.167.

groei kan toegeskryf word aan die wydverspreide steun onder die Moslem-bevolking en die verhoogde voorsiening van wapens aan insurgente aan die begin van 1957.[44] Die Franse het toenemend 'n probleem gehad om wapenverskaffing vanuit die buiteland aan die rebelle te kniehalter. 'n Joego-Slawiese vragskip is byvoorbeeld op 18 Januarie 1958 deur Franse oorlogskepe in Algerynse gebiedswaters onderskep.[45]

Teen 1958 het die FLN die oorhand oor die MNA gekry en kon hy sterk en gesofistikeerde strukture vestig waardeur die politieke en sosiale lewe van die Algeryne binne Frankryk gekontroleer en beheer is.[46]

Die Algerynse oorlog (1954-1962) was een van die bloedigste en langste oorloë in die era van dekolonisasie. Die getal emigrante uit Algerië na Frankryk het in hierdie tydperk gegroei vanaf 211 000 na 350 000. Dit het in werklikheid beteken dat koloniste en Arabiese werkers Algerië vinniger verlaat het om 'n heenkome in metropolitaanse Frankryk te vind as wat Franse soldate in Algerië aangekom het.[47]

Op grondvlak het selle bestaan en selleiers het maandeliks fondse van die indiwidue in hulle selle gekollekteer vir aanwending in die konfrontasie binne Algerië. So het die FLN binne Frankryk meer as 400 miljoen frank in die agt jaar van die oorlog ingesamel om hul aktiwiteite te finansier.[48]

Deur sy optrede binne Frankryk het die FLN 'n tweede front teen Frankryk geskep deur die gewapende magte binne Frankryk besig te hou. So het spesiaal opgeleide Algerynse kommando's byvoorbeeld op 25 Augustus 1958 polisiepatrollies in Frankryk aangeval en strategiese punte gesaboteer. By Mourepane het petrolopslagplekke vir tien dae lank gebrand. Gedurende September 1958 is aanvalle op 181 teikens binne Frankryk uitgevoer. FLN-sabotasie en moorde op polisie-offisiere het sterk reaksie tot gevolg gehad, die publieke mening geweldig negatief beïnvloed en sterk teenoptrede uitgelok.[49]

---

[44] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1957 - 31 Dec. 1958, vol. 11, no. 1162, p.16183.

[45] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1957 - 31 Dec. 1958, vol. 11, no. 1162, p.16080.

[46] N. Mac Master, ***Colonial migrants and racism: Algerians in France, 1900-1962***, p.196; H.F. Jackson, ***The FLN in Algeria, 1962-1965*** ..., p.36.

[47] N. Mac Master, ***Colonial migrants and racism*** ..., p.189.

[48] N. Mac Master, ***Colonial migrants and racism*** ..., p.196.

[49] N. Mac Master, ***Colonial migrants and racism*** ..., p.197.

2.4 Agtergrond en aanvang van die blanke teen-verset tot 1958

Die Europese koloniste was hoofsaaklik Franse, maar daar was ook heelwat Italianers en Maltese, wat hulle sedert 1870 in Algerië gevestig het en 'n groot aandeel in die bloeiende wynindustrie gehad het. Die blanke segment in Algerië was diepgewortel in die land en sy ontwikkeling. Die *pieds noirs* het deels tot die werkersklas en deels tot die middelklas van Algerië behoort. Die *pieds noirs* het nie oor spesiale vaardighede of die kapitaal beskik om 'n nuwe of alternatiewe lewe binne of buite Algerië te skep nie. Hulle was 'n heterogene en relatief welvarende groep, wat egter ook heelwat armes ingesluit het. Hulle was genoodsaak om te veg vir die voorregte, wat hulle as blankes en Franse burgers binne die land geniet het, te behou.[50]

Soos die Europeërs wat in 1652 na die Kaap gekom het, was die Europeërs wat hulle in Algerië gevestig het allermins die room van hulle onderskeie bevolkings. In hul eie lande van herkoms was baie van hierdie mense aan die onderpunt van die sosiale leer, maar in Algerië kon hulle, hoofsaaklik vanweë hulle wit vel, voorregte geniet wat hulle nooit in hulle lande van herkoms beskore sou wees nie. Hoewel hierdie blankes nederige beroepe beoefen het, het hulle op 'n superioriteit, wat eerder in teorie as op werklikheid gebaseer is, aanspraak gemaak. Hulle gevoel van superioriteit oor die inheemse Arabiere en Berbers het gelei tot aggressiewe gedrag teenoor die Arabiere.[51]

Sommige van die Franse, wat hulle in Algerië gevestig het, het oorspronklik in Frankryk tot die laer klasse behoort, maar het deur hulle vestiging in Algerië deel van die elite geword. Hulle was in Algerië gebiedsgebonde deurdat hulle veral gekonsentreerd was in die stede Oran, Algiers en Constantine en uiteindelik die wapen opgeneem as 'n laaste poging om weerstand teen die magte van hulle eie regering en die FLN te bied. Hulle het die FLN die stryd aangesê, aangesien laasgenoemde hulle uit die land wat hulle reeds meer as 'n eeu bewoon het en wat vir alle praktiese doeleindes hul eie vaderland was, wou verdryf.[52]

Die *pieds noirs*, hoewel oorspronklik afkomstig uit verskeie Europese lande rondom die Middellandse See, is saamgebind deur hulle eg Mediterreense lewenstyl - 'n faktor wat hul motiewe en gedrag vanaf 1954 grootliks verklaar.[53] Die lewe in Algerië was 'n

---

[50] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.164; N. Mac Master, ***Colonial migrants and racism*** ..., p.195; A. Harrison, ***Challenging De Gaulle*** ..., p.19; J. Ruedy, ***Modern Algeria*** ..., pp.153-155.

[51] A. Harrison, ***Challenging De Gaulle*** ..., p.19.

[52] A. Harrison, ***Challenging De Gaulle*** ..., p.21; P. Ouston, ***France in the twentieth century***, p.234.

[53] A. Home, ***A savage war of peace: Algeria, 1954-1962***, p.51.

ontspanne lewe sonder groot bekommernis. Terwyl die meer gegoede *pieds noirs* hulself by seiljag- en gholfklubs vermaak het, kon selfs die armste *petits blancs* (klein blankes) op die strande ontspan en vreugde put uit die see, die son en die goedkoop rooiwyn van die land, want hulle was by uitstek 'n groep mense wat deur hul gevoelens geleef het. Die subjektiewe mening van sommige skrywers oor hierdie groep tipeer hulle as mense van wie die vernaamste karaktertrek oormatigheid was: jubelende vreugde, oordadige gasvryheid, oordrewe toegeneentheid en allesoorheersende haat.[54]

Volgens Horne is die sentimente van die *pieds noirs* teenoor Frankryk gekenmerk deur 'n mengsel van afkeer, liefde, minagting en minderwaardigheid en hulle moes gereeld verseker word van Frankryk, as moederland, se lojaliteit teenoor hulle. Die gebeure in Algerië vanaf 1954 toon duidelik dat daar 'n groot verskil tussen die Franse van Frankryk, die Franse van Algerië en die Moslems van Algerië was in soverre dit leefwyses en beskouings betref.[55]

Met die aanvang van die Arabiese opstand in 1954 het die *pied noir*-gemeenskap bedreig, maar vasbeslote om in die land te bly, gevoel. Hulle was daarvan oortuig dat Frankryk hulle nooit in die steek sou laat nie en het die opstand onder die Arabiese bevolking aanvanklik as die werk van 'n klein groepie kriminele, aangespoor deur Egipte, gesien.[56]

Gedurende die eerste maande was die Franse se verdediging van die "nasionale grondgebied" vanselfsprekend, maar namate die FLN-terroristebedrywighede verskerp is, het onrustige setlaars stelselmatig die wapen begin opneem in selfverdediging en het dade van teen-terrorisme as spontane reaksie op die FLN-geweld gevolg.

In samewerking met lede van die polisie is operasies teen die FLN beplan en met noukeurige presisie uitgevoer. Wanneer 'n blanke vermoor is, is wraak geneem. Die publieke mening is dikwels mislei deur die insidente as onderlinge FLN-konflik in die media op te dis. Polisiemanne met regse sentimente het die *pieds noirs* van strategiese en sensitiewe inligting voorsien en hulle horende doof en siende blind vir die onwettige aktiwiteite van die setlaars gehou.[57]

---

[54] A. Horne, ***A savage war of peace*** ..., p.52.

[55] A. Horne, ***A savage war of peace*** ..., p.53.

[56] A. Harrison, ***Challenging De Gaulle*** ..., p.28.

[57] A. Harrison, ***Challenging De Gaulle*** ..., p.29.

Die *pied noir*-optrede het tot en met 1956 lokvalle vir Moslem werkers, die bombardering van die beweerde FLN-hoofkwartier in die Casbah (wat 50 lewens geëis het) en bomontploffings van geboue van belang vir die FLN behels. Februarie 1956 was 'n waterskeiding deurdat die Union Francaise Nord Africaine (UFNA; Unie van Noord-Afrikaanse Franse) met Robert Martel as de facto leier, in 'n paramilitêre eenheid met die oog op direkte aksie ontplooi is. Martel se strewe was die absolute bevoordeling van die Franse kultuur en waardes.[58]

In Februarie 1956 is die Franse sosialistiese premier, Guy Mollet, wat ten gunste van onderhandelinge was, tydens 'n besoek aan Algiers met tamaties deur die Europeërs bestook. Sy hervormingsmaatreëls het 'n skietstilstand met die rebelle vereis en het vrye verkiesings binne drie maande, gevolg deur onderhandelinge met die verkose verteenwoordigers, beloof. Volgens hom sou 'n nuwe statuut, wat erkenning verleen aan die "Algerynse karakter" onderhandel word. Sy aanbod is deur die rebelle geïgnoreer en hy moes toegee aan die eis van die *pieds noirs* om generaal Catroux, 'n liberaalgesinde, te ontslaan en hom te vervang met generaal Lacoste, 'n ortodokse konserwatis. Mollet het tydens sy besoek sterk onder die indruk van die *pieds noirs* as synde 'n massa gewone Franse werkers gekom. Die gevolg was dat hy sy houding verander het en tydens die res van sy bewind die militêre optrede teen die FLN verskerp het. 'n Hoogtepunt van sy optrede tot voordeel van die *pieds noirs* was die Wet op Spesiale Magte van 16 Maart 1956.[59]

Lacoste se besluit om militêre eenhede, gelei deur generaal Jacques Massu, te ontplooi ten einde terrorisme die nek in te slaan en die vryspel wat hy aan Massu gegee het om terrorisme te breek, behoort teen hierdie agtergrond gesien te word. Sy opdrag was nie net 'n oorwinning vir die *pieds noirs*, wat beter beskerming geëis het nie, maar het ook 'n nuwe geleentheid aan die FLN gebied om rassewrywing aan te blaas.[60]

Generaal Massu het militêre en politieke magte saamgesnoer en teen Oktober 1957 was die FLN se aktiwiteite as gevolg van Massu se veldtog van internering, marteling en moord tot 'n minimum beperk.

Die Franse se beleid van hervestiging van die bevolking buite die streke waar die FLN baie aktief was om sodoende die rebelle van inkomste, voorrade en skuiling te beroof

---

[58] A. Harrison, ***Challenging De Gaulle*** ..., p.30.

[59] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1957 - 31 Dec. 1958, vol. 11, no. 1162, p.15645A; R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.167.

[60] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.169.

kan beskryf word as 'n proses waardeur die water van die vis weggeneem is. Dit het gelei tot die FLN-besluit om aan Frankryk en die res van die wêreld die omvang van FLN-gesag oor die Algerynse bevolking te demonstreer. 'n Agt dae lange algemene staking is uitgeroep en die stryd is vanaf die landelike gebiede na die hoofsentra ontplooi. Ter regverdiging van hulle dade van stedelike terreur is Massu se veldtog teen die Arabiese bevolking gebruik.

Die Slag van Algiers het op 30 September 1956 'n aanvang geneem met die plant van bomme deur jong Arabiese vroue by sagte teikens. Tydens die eerste ontploffings is talle blankes, onder wie kinders, beseer en gedood. Die FLN-leier, Saadi Yacef, het dade van terreur beplan en beheer vanuit die hart van die Casbah. Vergrype teen die blanke bevolking het hand oor hand toegeneem, terwyl teenmaatreëls deur generaals Raoul Salan en Jacques Massu soortgelyke gruweldade behels het.[61]

Die Slag van Algiers het binne 'n paar maande die dilemmas en wreedhede van dekolonisasie kragtiger geïllustreer as enige ander vergelykbare situasie in die moderne tyd. Hierdie stadstrauma, eerder as die uitgerekte landelike stryd, het die oorlog gedomineer en Frans-Algerynse versoening vir byna twee dekades na onafhanklikheid psigologies onmoontlik gemaak.[62]

Dit was opvallend dat Massu se genadelose optrede en metodes nie die diepgewortelde liberaal-humanistiese beginsels van die Franse gemeenskap geaktiveer het nie. Daar was wel enkele georganiseerde protesbewegings deur die linkse pers, jeugdiges en akademici, maar hulle optrede was gering en gefragmenteerd. Selfs die Kommunistiese Party het uit vrees vir die anti-Arabiese sentimente van die werkersmassa nie die saak van miskende burgerregte in Algiers opgeneem nie.[63]

Mollet het daarna begin met 'n sielkundige oorlogvoering: Hy het aangevoer dat die opstand gedoem is en dat die gevange leiers dit besef. Hy het daarom totale amnestie beloof aan almal wat 'n skietstilstand aanvaar. Nog beloftes het 'n enkele kieserslys vir Moslems en Europeërs (met ander woorde gelyke burgerregte) ingesluit. Hy het veral klem op die gelykheid van alle Algeryne, ongeag herkoms, gelê. Hy het Frankryk telkens verbind om geldelike ondersteuning ter verbetering van die Algeryne se lewenstandaarde te gee indien die konflik bevredigend tot 'n einde sou kom.

---

[61] J. Ruedy, ***Modern Algeria*** ..., p.168.

[62] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.169.

[63] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.169.

Mollet se pogings om deur gebiedsafbakening die etniese realiteite te erken, het geen reaksie vanuit rebelle-geledere uitgelok nie. In baie gemeenskappe en gebiede sou die inwoners van Europese oorsprong 'n belangrike deel uitmaak of selfs die meerderheid van die bevolking wees, terwyl die Arabiere en Berbers in ander gebiede sou wees. Die afgebakende gebiede sou dan deur verkose vergaderings en plaaslike owerhede geadministreer word. 'n Groot mate van desentralisasie sou aan gebiedsowerhede uitgebreide magte op talle terreine, soos byvoorbeeld die administrasie, finansies en die polisie, gee. Binne elke gemeenskap sou wetlike en uitvoerende rade met heelwat mag sake kon organiseer en sodoende aan Algerië 'n eiesoortige karakter gee. Die mag van die sentrale Franse owerheid, waarvan Algerië deel sou wees deur middel van verkose verteenwoordigers, sou konsentreer op sake rakende nasionale soewereiniteit en die belange van die Franse Republiek as geheel. Frankryk was vasbeslote om permanente arbitrasiemag ten opsigte van Algerië te behou ten einde die regte van alle Algeryne te beskerm sodat geen gemeenskap deur 'n ander onderdruk sou kon word nie.[64]

Die beskouing wat ten grondslag van die versoeningspogings gelê het, was dat dit die geleentheid sou skep vir hervorming en gevolglik 'n blywende basis vir 'n Franse Algerië sou lê. In werklikheid kon die hervormingsbeleid nie slaag nie omdat die doelwitte van die Algerynse rebelle en die Franse regering onversoenbaar was.[65]

Die Algeryne het Mollet se plan met vyandigheid begroet en beide die Europese en die Moslem-gemeenskappe het dit summier verwerp. Die FLN het dit op 11 Januarie 1957 kategories verwerp as synde 'n beleid van versoening gemik op die misleiding van die internasionale mening, soos verteenwoordig in die Verenigde Nasies (VN).

Moulay Merbah, sekretaris-generaal van die Messalitiese Algerynse Nasionale Bevrydingsbeweging het in antwoord die volgende voorwaardes gestel:

1. die erkenning van Algerië se selfbeskikkingsreg;
2. 'n skietstilstand onder beheer van die VN op 'n basis wat vir alle partye aanvaarbaar is;
3. die herinstelling van demokratiese vryhede, die opheffing van die staat van beleg en volkome vryheid van beweging vir alle Algeryne;

---

[64] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1957 - 31 Dec. 1958, vol. 11, no. 1162, p.15645A.

[65] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.196.

4. 'n verkiesing onder beheer van die VN;
5. onderhandelinge tussen Frankryk en die verkose verteenwoordigers van die Algerynse bevolking.

In 'n verklaring deur prominente Algerynse Moslems op 15 Januarie 1957 is die verklaring van Mollet sterk gekritiseer op grond van vaaghede. Mollet se verklaring is veroordeel as 'n poging om die Algeryne onvoorwaardelik te laat oorgee. Die beoogde verkiesing sou, volgens hulle, gekontroleer word deur lande wat die Franse beleid steun. Na hulle mening het die verklaring wel aangedui dat die toekoms van Algerië deur middel van onderhandeling beslis sou moes word, maar het die Franse reeds die detail daarvan neergelê, wat aandui dat Frankryk 'n statuut op Algerië afdwing eerder as om te onderhandel. Hierdie groep het die onmiddellike begin van onderhandelinge met die FLN, as enigste ware verteenwoordiger van die Algerynse bevolking, geëis.[66]

In sy toespraak in die Franse Nasionale Vergadering op 12 Junie 1957 het Mollet se opvolger as eerste minister, Bourges-Maunoury, die Franse regering se idee van 'n nuwe en progressiewe politieke struktuur, wat die desentralisasie van mag na die streke voorstel, bekend gestel. Hy is ondersteun deur president R. Coty, wat op 8 Julie 1957 verklaar het dat Frankryk nie bereid is om volle onafhanklikheid aan Algerië te verleen nie, maar dat hulle bereid was om toe te gee aan die wetlike strewes van die Algerynse bevolking ten opsigte van groter outonomie. In sy verdediging van die Franse beleid het hy beklemtoon dat dit Frankryk se begeerte was om 'n "regverdige en liberale oplossing vir al die bevolkingsgroepe in die land te verkry".[67]

Die Franse Nasionale Vergadering het op 12 November 1957 met 344 stemme teen 211 besluit om die regering se spesiale magte vir die bestryding van die rebellie en terrorisme in Algerië en metropolitaanse Frankryk te hernu.

Bourges-Maunoury het in sy verslag gemeld dat die geweld tussen die FLN en die MNA sedert Januarie 1957 reeds 550 lewens geëis het en dat ongeveer 2 000 mense beseer is. Hy was van mening dat die FLN as gevolg van die neerlae, wat hy in Algerië gely het, 'n nuwe strategie begin volg het, naamlik om die vrede in metropolitaanse Frankryk te versteur ten einde die Franse se veggees te ondermyn.

---

[66] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1957 - 31 Dec. 1958, vol. 11, no. 1162, p.15646.

[67] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1957 - 31 Dec. 1958, vol. 11, no. 1162, p.15882.

Gedurende die debat is diep kommer deur verskeie afgevaardigdes uitgespreek oor die oormatige gebruik van geweld deur die Franse magte en die polisie in hul onderdrukking van die opstand. Hierdie afgevaardigdes was veral gekant teen die immorele metodes om inligting te bekom, omdat dit strydig sou wees met die nasionale eer van die Franse. Uit die debat blyk dit dat sadisme en barbaarsheid aan die orde van die dag was, maar dat sommige gevoel het dat die afskuwelike en weersinwekkende optredes deur die vyand nie aan die Franse die reg verleen het om basiese menseregte te skend nie. As gevolg van die wedersydse wreedhede wat gepleeg is, is gevoel dat 'n addisionele artikel in die wet ingevoeg moes word, wat sou bepaal dat spesiale magte "binne die raamwerk van die Handves vir Menseregte beoefen moes word".[68]

Die onstabiele toestand in Algerië het die leër genoodsaak om 'n al groter rol in die kolonie te speel, wat 'n belangrike rol vir militêre offisiere beteken het. Hulle het geglo dat geen onderhandelinge kon plaasvind voordat die FLN oorwin is nie en het definitiewe pro-*colon* sentimente gehad. Generaal Salan, die hoof van die Franse magte in Algerië, was gedetermineerd dat daar nie met die Algerynse rebelle onderhandel sou word, alvorens hulle die wapen neergelê het nie.[69]

2.5 Bewindsoorname van generaal De Gaulle, hervormings en blanke verset tot 1960

Die doodsklok het op 8 Februarie 1958 vir die Vierde Franse Republiek gelui nadat die Franse lugmag 'n Tunisiese dorpie, waar FLN-aktiviste geskuil het, aangeval het. Die insident het opslae in die VN gemaak en Brittanje en Amerika moes ingryp om versoening te bewerkstellig. Die reperkussies wat gevolg het, het tot die bedanking van die Franse premier, Felix Gaillard, gelei. In die politieke harwar wat gevolg het, het Pierre Pflimlin 'n regering saamgestel waarin geen enkele ondersteuner van die *Algerie Française* (Franse Algerië)-beleid opgeneem is nie. Die weermag het onmiddellik besef dat hulle 'n tweede vernederende koloniale neerlaag in die gesig staar en het besluit om in te gryp om lojaliteit teenoor die *Algerie Française*-ideaal te verseker. Setlaars het daarvoor geagiteer dat generaal Charles de Gaulle die bewind in Frankryk moes oorneem. De Gaulle, wat na sy vroeëre periode as eerste minister buite die politiek van die dag gebly het, het, veral vanweë sy rol in die Tweede Wêreldoorlog,

---

[68] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1957 - 31 Dec. 1958, vol. 11, no. 1162, p.15882; Halsey, W.D. et al. (Eds.), ***Collier's encyclopedia, vol. 1***, p.556.

[69] K. Smith & F.J. Nöthling, ***Afrika noord van die Limpopo*** ..., p.362; H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.460; J.D. Fage, ***A history of Africa***, p.467.

nog steeds groot aansien in Frankryk geniet. Dit het gelei tot 'n algemene staking op 13 Mei 1958 in Algiers. Parlementêre groepe in Parys het De Gaulle genader om die demokrasie teen die bedreiging van die opgesweepte weermag te beskerm.[70] Daar was 'n desintegrasie van die regeringsgesag en grootskaalse massa-optrede in Algiers, Oran en Parys. Soldate het gedros en daar was selfs gerugte dat die weermag Parys sou aanval. Die Franse parlementêre poging om die publieke mening teen die opstandelinge in Algiers te rig en om die *pieds noirs* te dissiplineer het misluk, en gelei tot De Gaulle se terugkeer tot die politiek. Al hierdie gebeure het daartoe gelei dat 'n nuwe grondwet vir Frankryk aanvaar is waardeur 'n uitvoerende president met wye magte aan die hoof van die regering sou staan. De Gaulle is tot hierdie amp verkies en het op 1 Junie 1958 die leisels oorgeneem. [71]

Vir die regse blanke ekstremiste was Mei 1958 'n teleurstelling. Hul leiers, die sogenaamde "Groep van Sewe" moes magteloos toekyk hoe De Gaulle sy greep op die gewapende magte verstewig en hulle tot lojaliteit en gehoorsaamheid aan die regeringsbeleid dwing.[72] Hulle groot terugslag was die verbod wat De Gaulle op die aktiwiteite van die weermag ten opsigte van grondvlakorganisasies, wat die *pieds noirs* en die weermag vroeër gesamentlik tot stand gebring het, geplaas het.[73]

De Gaulle het binne maande na sy bewindsaanvaarding, wat grotendeels aan die optrede van die regses en die weermag in Algerië te danke was, met sy uitsprake en optrede 'n kloof tussen hom en die *pieds noirs* laat ontstaan. Nie alleen het sy uitsprake oor sy visie ten opsigte van die Algerynse dilemma hulle hare laat rys nie, maar sy verskuiwing van personeel in sleutelposisies oor wie se lojaliteit hy getwyfel het na meer neutrale poste en gebiede was verontrustend.[74]

'n Ligpunt in die stryd van die *pieds noirs* was die benoeming van kolonel Yves Godard, 'n voorstander van Franse Algerië, as veiligheidshoof van Algiers. Ander regse aktiviste het die militêr-burgerlike burokrasie ook suksesvol geïnfiltreer. Die Franse weermag, is vir die eerste keer as eenheid verpolitiseer deurdat hoë offisiere deur die opset in Algerië en hulle oortuigings gedwing is om te kies tussen diens aan die staat en dieper Franse waardes. Hulle het toenemend bondgenote van die *petit*

---

[70] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., pp.170,171; P. Curtin et al., ***African history***, p.587.

[71] P. Ouston, ***France in the twentieth century***, p.237; P. Curtin et al., ***African history***, p.587.

[72] A. Harrison, ***Challenging De Gaulle*** ..., p.37.

[73] J.D. Fage, ***A history of Africa***, p.467.

[74] H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.460.

blancs in hul stryd om die behoud van 'n Franse Algerië geword. Terwyl die *petit blancs* vir hul voortbestaan in die land waarin hulle vir generasies lank wortel geskiet het, geveg het, het die soldate vir 'n Franse Algerië as een van die laaste buiteposte van 'n eens uitgebreide ryk, wat geslagte lank deur hulle verdedig is, geveg.[75]

Beide Brittanje en die Verenigde State van Amerika het fel kritiek teen die Franse hantering van die dekolonisasieproses in Algerië uitgespreek, veral na die reeds vermelde lugaanval op 'n Tunisiese dorpie waar vermeende FLN-aktiviste gehuisves is. Nie alleen in die internasionale gemeenskap nie, maar ook binne Frankryk het die perspektiewe van die mense begin verander, gedeeltelik as gevolg van 'n nuwe era van ekonomiese groei in Wes-Europa. 'n Veranderende lewens- en wêreldbeskouing het 'n klemverskuiwing vanaf die "klein mense" en die verdediging van die gevestigde lewenspatrone na meer effektiewe bestuur, nuwe tegnologie en die rasionalisasie van nywerheidstendense veroorsaak. Die Franse bevolking het begin voel dat die voordele van 'n oorwinning oor die FLN nie meer opweeg teen die geweldige kostes verbonde aan die stryd nie. Hoewel die bevolking nie juis 'n probleem met die morele aspekte van die oorlog gehad het nie, het hulle houding daarteenoor op grond van ekonomiese oorwegings verander.[76]

In hierdie tydgees het De Gaulle sy nuwe parlement gevorm en geen erkende ondersteuner van 'n Franse Algerië in die parlement opgeneem nie. Hierdie skuif was die oomblik van waarheid vir die Franse weermag in Algerië. Die weermag sou òf nog 'n vernederende koloniale nederlaag moes ly òf getrou bly aan hul sentimente van 'n Franse Algerië.[77]

Vanaf die begin van Desember 1959 het die terreurdade van die FLN-terroriste in die Algiers-streek skerp toegeneem en het dit 'n groeiende vrees onder die Europese bevolking geskep. Baie Europeërs het die Franse regering toenemend gekritiseer en het gemeen dat die beskerming, wat deur die regering verskaf is, onvoldoende was. Hulle het meer drastiese optrede deur die regering geëis en veral veranderinge in die uitvoering van die regstelsel gepropageer. Hulle was byvoorbeeld van mening dat gevange terroriste summier tereggestel moes word. Herhaalde beroepe is deur

---

[75] A. Harrison, ***Challenging De Gaulle*** ..., p.39; P. Curtin et al., ***African history***, p.587; H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.460; I.M. Wall, "The United States, Algeria and the Fall of the Fourth French Republic", ***Diplomatic History***, vol. 18, Fall 1994, p.489.

[76] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.171.

[77] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.172.

ekstremistiese groepe op die blankes gedoen om hulle voor te berei om hulle eie verdediging te organiseer wanneer die owerhede sou faal om hulle te beskerm. Hierdie groepe het terselfdertyd hulle aanvalle op De Gaulle se selfbeskikkingsbeleid verskerp.[78]

'n Terroriste-bom, wat op 24 Desember 1959 tussen skares inkopiegangers in 'n groot sentrum in Algiers ontplof het, nog bomontploffings op Kersdag, toenemende terroriste-aanvalle op Europeërs en moorde op blanke boere het toenemende angstigheid en opstandigheid onder die Europeërs veroorsaak. Tydens 'n vergadering deur blanke ekstremiste op 7 Januarie 1960 is besluit om meer druk op die Franse owerhede te plaas om hul blanke onderdane te beskerm. Die woede en opbouende aggressie van die Europese ekstremiste het die terroriste egter aangevuur om hulle eie veldtog te verskerp en hernude moorde en handgranaatontploffings in Algiers was die gevolg. Die ekstremiste het geëis dat die weermag onbeperkte mag en middels gegee moes word om die terroriste se stryd die nek in te slaan.[79]

Die blanke ekstremiste het gedurende Januarie 1960 besluit dat patriotiese militêre eenhede op die platteland gevorm moes word om hulle te beskerm en om die terroriste te verslaan. Veral Joseph Ortiz het die Franse regering se beleid veroordeel en die blankes aangehits om saam te staan en hulle self te verdedig.

Op 14 Januarie 1960 het die Comité d' Entente (Ooreenkoms-komitee) 'n verklaring uitgereik waarin die beginsel van selfbeskikking verwerp word; daarin word geëis dat alle samesprekings met die rebellegroepe gestaak word; geweier word dat die rebelle deel vorm van die Franse politieke lewe en weerstand gevra word teenoor enige pogings om die nasie "op te breek". Luidens hierdie verklaring word hulle gesteun deur al die Franse in Algerië, ander Europeërs en selfs Moslems. Nadat die Franse regse leier, George Bidault, toegang tot Algerië geweier is sodat hy nie verdere opruiende toesprake kon hou nie, het die regsgesinde media en ekstremistiese organisasies hierdie stap veroordeel en beweer dat hulle onder 'n diktatoriale regering leef. Hulle het die geleentheid aangegryp om die bevolking op gereedheidsgrondslag te plaas in afwagting van die resultate van die Elysee-konferensie.[80]

Vanaf die lente van 1958 tot die lente van 1959 was die hoofoogmerke van die Franse regering om die FLN tot 'n skietstilstand te oorreed. 'n Aanbod van "vrede met eer" is die

---

[78] H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.460.

[79] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.17327.

[80] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.17329.

eerste keer in Oktober 1958 en vir die tweede keer in Januarie 1959 gemaak. Die aanbod het geen reaksie uitgelok nie en die Franse gewapende magte is met 80 000 versterk (wat hulle getalle op ongeveer 'n half miljoen soldate binne Algerië te staan gebring het) en het met 'n reeks offensiewe operasies begin, wat daarop gemik was om die FLN uit hulle skuilplekke in die berge te dryf.

Die FLN is sleg geraak deur hierdie optrede, maar kon nie tot 'n skietstilstand instem terwyl die langtermyn politieke doelwitte van die Franse regering nie duidelik gedefinieerd was nie. De Gaulle het geen duidelike aanduiding van wat vir Algerië se toekoms beplan is, gegee nie. Hy het hom beperk by die aankondiging in Oktober 1958 van die sogenaamde Constantine plan, 'n vyfjaar ekonomiese plan gemik op 'n beleggingsprogram in die swaar industrieë, skole en behuising, sowel as 'n 10 persent kwota vir Moslems in die administrasie.[81]

Die implikasies van die Constantine plan het die vegtende Moslems verwar. Was die plan 'n teken van Frankryk se vasberadenheid om in Algerië te bly of het dit bloot die voordele van voortgesette bande met Frankryk benadruk? De Gaulle het weinig gedoen om die onsekerheid van die inheemse bevolking te besweer. In Januarie 1959 het hy daarvan gepraat dat Algerië sy plek in die Franse Gemeenskap moet inneem en in April het hy gesê dat *l'Algerie de papa* (met ander woorde Algerië van die vaderland) tot die verlede behoort. Hierdie soort opmerkings was egter nouliks genoeg beweegrede vir die versetbewegings om hul wapens neer te lê.[82]

As teenvoeter vir Algerynse bedrywighede het die Franse owerheid die Service d' Assistance Technique aux Francais Musulmans d' Algerie (Tegniese Hulpdiens aan Franse Moslems in Algerië) in die lewe geroep. Hierdie organisasie was 'n dekmantel van die owerheid om deur middel van hulpverlening ten opsigte van behuising, welsyn, arbeid en administratiewe probleme inligting in te win en 'n vertrouensverhouding met "informante" te skep. Teen Maart 1961 het hulle inligting oor ongeveer 100 000 indiwidue en 536 verdagte plekke (FLN-aktiwiteitsentrums) gehad, wat die polisie gehelp het om optrede teen die FLN te koördineer.[83]

In September 1959 het generaal De Gaulle sy beroemde toespraak oor selfverwesenliking gehou. Hy het drie alternatiewe aan die Algeryne voorgehou:

---

[81] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.172.

[82] P. Gifford & W.M. Roger Louis (Eds.), ***Decolonization and African independence: the transfers of power, 1960-1980***, p.95.

[83] N. Mac Master, ***Colonial migrants and racism*** ..., p.197.

integrasie met Frankryk, absolute onafhanklikheid, of onafhanklikheid as lid van die Franse Gemeenskap.[84]

Op 20 November 1959 het De Gaulle reaksie op sy aanbiedinge vanaf die Voorlopige Regering van die Algerynse Republiek (GPRA), wat deur die Algerynse opstandelinge gestig is, gekry. Hulle het verklaar dat daar geen skietstilstand sou kon wees sonder waarborge dat 'n gesonde beginsel ten opsigte van selfbeskikking gevolg sou word nie. Daar is besluit om Ahmed Ben Bella en drie ander leiers af te vaardig vir onderhandelinge met die Franse regering oor die voorwaardes en waarborge ten opsigte van selfbeskikking. Hierdie aangewesenes was almal oorspronklike leiers van die opstand, maar was in aanhouding in Franse tronke.[85]

Hierdie aanbod is summier deur De Gaulle verwerp. Hy het aangevoer dat sy aanbod slegs gegeld het vir gewapende rebelleleiers en leiers wat in vryheid leef en dat hierdie gevange leiers nie kwalifiseer nie. Hy het beklemtoon dat die aanbod gaan oor metodes om 'n skietstilstand tot stand te bring en nie vir politieke onderhandelinge nie.

Hierdie eerste fase, hoewel dit in sy doelwitte gefaal het, was onvermydelik. De Gaulle het in die krag en mag van sy charismatiese leierskap geglo. Hierdie charisma is in Algerië voor 'n toets gestel en het gefaal.[86]

Deur die gewapende magte in Algerië onder 'n nuwe bevel met nuwe opdragte te plaas en byvoorbeeld 'n veranderde strategie van mobiele offensiewe oorlogvoering in teenstelling met die teenrewolusionêre sielkundige oorlogvoering waarmee hulle tot op daardie stadium besig was, te implementeer, sou hy waarskynlik 'n noodsaaklike stap geneem het in die konsolidering van sy bevel.

Op 19 Januarie 1960 het die Federasie van Burgemeesters van die Algiers-streek die volgende verklaring (vertaal uit Engels) uitgereik:

"Generaal De Gaulle is besig om gewigtige besluite te neem. Hy moet leer dat dit die wens van die mense van Algerië is om Frans te bly en dat hulle hierdie wens met alle middele tot hulle beskikking sal uitdruk, selfs deur wapens op te neem. Ons sal nie samesprekings met die keelafsnyers duld of aan hulle die geleentheid bied om na

---

[84] H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.460; K. Smith & F.J. Nöthling, ***Afrika noord van die Limpopo*** ..., p.363.

[85] P. Gifford & W.M. Roger Louis (Eds.), ***Decolonization and African independence*** ..., p.95.

[86] P. Gifford & W.M. Roger Louis (Eds.), ***Decolonization and African independence*** ..., p.95.

Algerië terug te keer nie. Indien nodig, sal ons die reg in eie hande neem. Daar kan alleen maar een skietstilstand wees: die onvoorwaardelike oorgawe van die rebelle."[87]

Die burgemeesters het voorts beweer dat die blankes en die Moslembevolking een solidêre blok vorm en het die regering versoek om aan hulle eise vir 'n nuwe beleid gehoor te gee. Hulle het hulle vasberadenheid om Frankryk se belange in Algerië te handhaaf herbevestig en het die regering met 'n rebellie gedreig.[88]

Generaal De Gaulle het op 22 Januarie 1960 'n konferensie byeengeroep om homself op hoogte van die totale burgerlike en militêre situasie in Algerië te bring. Die konferensie is deur De Gaulle, die ministers gemoeid met Algerynse sake en drie militêre streekshoofde bygewoon. Ten spyte van verklarings dat die samesprekings hoofsaaklik tegnies van aard sou wees, het dit die vrese van die blanke ekstremistiese organisasies, wat besef het dat dit kon lei tot die implementering van De Gaulle se beleid, soos op 16 September 1959 bekend gemaak is, aangevuur.[89]

Ter wille van Frankryk se leiersposisie in die Europese Gemeenskap het 'n oplossing van die Algerynse vraagstuk daagliks toenemend belangrik vir De Gaulle geword. De Gaulle het van die weermag geëis om te kies tussen sy beleid en hulle simpatie met die blanke koloniste. Nadat De Gaulle se beleid by hernuwing op die konferensie gestel het, is hy openlik deur generaal Massu teengestaan. As bevelvoerder van die Franse weermag in Algerië het Massu verklaar dat die weermag Algerië nooit sou verlaat nie. Hy is onmiddellik na sy openlike konfrontasie met De Gaulle afgedank.

Generaal Massu se afdanking het die spanning tussen De Gaulle en die *pieds noirs* 'n hoogtepunt laat bereik en het gelei tot 'n volksopstand op 24 Januarie 1960 in Algiers. Die Europese ekstremistiese partye het protes teen De Gaulle se beleid en die ontslag van Massu aangeteken. Die situasie is aangevuur deur 'n nuwe vlaag moorde op blankes in die Algiers-gebied. 'n Opstand, bekend as die Oproer van die Barrikades en die gevolg van maande van frustrasie onder die regses, was 'n poging om, soos in Mei 1958, as magsvertoon te dien met die doel om die owerhede in Parys se houding teenoor die Algerynse probleem te beïnvloed. Hoewel meer as 30 000 regses aan die massa-oproer deelgeneem het, het hulle hierdie keer weinig steun van die weermag gekry. In die skermutseling, wat tussen die oproermakers en die polisie uitgebreek het,

---

[87] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.173330.

[88] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.173330.

[89] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.17328.

is 22 polisiemanne en agt burgerlikes dood.[90] Vir die regses was die mislukte opstand waarin Fransman op Fransman geskiet het traumaties. Burgerlike leiers is in hegtenis geneem, later op borgtog vrygelaat, waarna talle uit die land gevlug het en as uitgewekenes in Madrid hulle kragte ingespan het om komplotte teen De Gaulle te smee.[91]

De Gaulle het hom egter nie laat intimideer nie en het op 24 Januarie by hernuwing Frankryk se vasberadenheid om orde te herstel en by sy Algerynse beleid te hou, betuig.

Die weermag se onttrekking van sy steun aan die setlaars en steun aan De Gaulle is deur hierdie gebeure geïllustreer. Die weermag het veiligheidsmaatreëls in Algiers verskerp en die opstandelinge moes op 1 Februarie 1960 handdoek ingooi.[92]

2.6 Gebeure 1960 tot 1962

Die 1960-burgerlike opstand in Algiers het die passiewe steun van die Tiende Valskerm Bataljon in Algiers geniet, maar De Gaulle het getoon dat hy nie so maklik soos sy voorgangers gemanipuleer kon word nie. Die Franse regeringshoofkwartier is uit Algiers verskuif en De Gaulle het die militariste oor televisie veroordeel. Hy het 'n ferm beroep op die Franse soldate in Algerië gedoen om hulself summier van die "insurgente" te disassosieer en hul lojaliteit teenoor Frankryk bo alles te stel. Sy aanslag was so effektief dat die rebellie byna onmiddellik in duie gestort het.[93]

Gedurende Februarie 1960 is 'n tweede front vir die verdediging van 'n Franse Algerië in Spanje gevestig. Die Front National Francais (FNF) is as gevolg van die opstand van die barrikades verban. Die verbanne en voortvlugtige leiers van die FNF het egter 'n nuwe nasionale beweging geskep, naamlik die Front de l' Algerie Francaise (FAF; Front vir Franse Algerië), wat op twee vlakke gefunksioneer het en die steun van leidende figure in die Franse samelewing soos Jacques Soustelle, Georges Bidault, die regse aktivis, Jean-Marie Pen, 'n groot aantal middelvlak offisiere en ongeveer 'n miljoen blankes geniet het. Offisieel het dit steun gewerf vir 'n Franse Algerië, 'n koerant gepubliseer en 'n wettige veldtog gevoer, maar ondergronds was baie van dieselfde regses, wat oorspronklik by die teenrewolusie betrokke was, aan die werk.

---

90 A. Harrison, ***Challenging De Gaulle*** ..., p.42.

91 A. Harrison, ***Challenging De Gaulle*** ..., p.45; P. Curtin et al., ***African history***, p.587; R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.173.

92 Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.17330.

93 P. Ouston, ***France in the twentieth century***, p.239.

Hulle planne om tydens De Gaulle se besoek aan Algerië in Desember 1960 soveel wanorde as moontlik te skep en die weermag sodoende te dwing om kant te kies en tot die stryd toe te tree het misluk as gevolg van teen-demonstrasies deur die FLN-ondersteuners vir wie De Gaulle se visie toenemend aanvaarbaar geword het.[94]

Op 4 Februarie 1960 is Jacques Soustelle uit die regering geskop en spesiale magte om die Algerynse probleem op te los aan die regering verleen.

Tydens sy besoek aan Algiers gedurende Maart 1960 het De Gaulle die weermag se anti-FLN offensief geëvalueer en geheime samesprekings met die inheemse distriksleiers gevoer. Sodoende het hy paniek en wantroue in die geledere van die GPRA gesaai. Die GPRA-leiers in ballingskap het begin vrees dat 'n oplossing vir die Algerynse kwessie sonder hulle verkry sou kon word.[95]

Op 22 Augustus 1960 het die Voorlopige Regering, dit wil sê die GPRA, tydens 'n byeenkoms in Tunis verklaar dat Algerië deur middel van 'n referendum georganiseer en gekontroleer deur die Verenigde Nasies (VN) oor hulle toekoms moes besluit, aangesien die Franse regering "selfbeskikking van sy volle demokratiese inhoud gestroop het". Op hierdie tydstip het die GPRA die erkenning van Kommunistiese Sjina geniet en kon op finansiële hulp en wapens van verskeie lande gereken word.[96]

Hernude onrus het, as gevolg van die verhoor in 'n Paryse militêre hof van die beskuldigdes verantwoordelik vir die Algiers-opstand in Januarie 1960, opgevlam. Paul Delouvrier, die afgevaardigde generaal, het 'n vyandige ontvangs van die Front de l' Algerie Francaise in Oran gekry te midde van toenemende propaganda deur die voorstanders van integrasie met Frankryk. Nog 13 blankes is uit Algiers terug na metropolitaanse Frankryk verban.

Terwyl die FLN-rebelle die sesde herdenking van hulle opstand in Tunis en Rabat gevier het, is De Gaulle se Algerynse beleid binne sowel as buite Frankryk gekritiseer. Ten spyte van die fel kritiek het De Gaulle egter onwrikbaar gebly en herhaaldelik aangedui dat hy nie van sy beleid en doelstellings sou afsien nie. Hy het tydens 'n radio-uitsending op 4 November 1960 oor "Algerynse Algerië" sy visie van 'n eie Algerynse regering, institusies en wette, wat op bepaalde terreine (soos die ekonomie en

---

[94] J. Ruedy, ***Modern Algeria*** ..., p.178.

[95] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.173.

[96] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.18059; H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.460.

verdediging) met Frankryk sou saamwerk, maar soewerein onafhanklik ten opsigte van buitelandse sake sou wees, herhaal. Hy het dit benadruk dat niks hom in sy strewe sou stuit nie. De Gaulle het gesê dat die Algerynse probleem reeds 130 jaar oud was en erken dat, hoewel Frankryk groot dinge in Algerië bereik het, hy misluk het om die veranderinge wat gemaak moes word betyds te maak en dat die rebellie die direkte gevolg daarvan is. Sy slotsom was dat daar reeds te veel bloed aan beide kante gevloei het.[97]

Generaal De Gaulle het sy aanbiedinge van die verlede herhaal: Neem deel aan die prosesse soos die onderhandelinge voor die selfbeskikkingsverkiesing, die finale verkiesingsveldtog en die monitering van die verkiesing. De Gaulle se enigste vereiste was steeds dat die rebelle tot 'n formele skietstilstand moes instem voordat enige van die beplande prosesse in werking kon tree. De Gaulle het egter deurgaans die rebelleleiers se eis dat hulle die regering van die Algerynse Republiek is, verwerp. Sy argument was dat genoemde republiek verder in die toekoms sou kon bestaan, maar dat dit beslis nie op daardie tydstip bestaan het nie. In aansluiting daarby het hy ook die eis dat hulle die alleenverteenwoordigers van die Algerynse bevolking is, verwerp.[98]

Van meet af aan het hy die rebelle-eis dat die Franse weermag voor die verkiesing na Frankryk terug geroep moes word teengestaan. Sy argument was dat so 'n stap slegs tot voordeel van groepe met totalitêre oogmerke sou wees en chaos, en nie ware demokrasie nie, tot gevolg sou hê. Hy was voorts van mening dat so 'n stap reg in die Sowjet-kraal sou pas en dat Algerië dan in kommunistiese hande sou val. Hy het hom ook sterk uitgespreek teen magte binne Frankryk, sowel as in ander lande, wat onrus wou stook en die openbare mening wou verwar.[99]

Dat daar geweldige vooruitgang in Algerië gemaak is, kon nie betwyfel word nie. Die orde en veiligheid is herstel danksy die rol van die weermag en die administrasie, terwyl Moslem-belange bevorder is en die Constantine plan verligting gebring het. In vergelyking met begin 1958, toe ongeveer 40 mense per dag vermoor is, het die syfer na ongeveer agt moorde per dag gedaal. Die situasie het sodanig verbeter dat dit moontlik was om 'n visie van vrede vir die toekoms te kon hê.[100]

---

[97] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.18060.

[98] H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.460.

[99] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.18060.

[100] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.18061.

Sterk kritiek teen De Gaulle se verklaring het op talle fronte gevolg. Die sterkste weerstand was uit die geledere van die Front de l' Algerie Française-ondersteuners in Frankryk en ook binne Algerië.[101]

'n Direkte gevolg van De Gaulle se uitsprake was dat die Franse regering se tweede in bevel in Algerië, Andre Jacomet, op 7 November 1960 na Frankryk teruggeroep en ontslaan is. As voorstander van verfransing in Algerië was hy uitgesproke en opstandig omdat De Gaulle nie spesifieke waarborge aan die inwoners van Algerië wat sou verkies om Frans te bly, gegee het nie.

De Gaulle se uitsprake het aanleiding gegee tot gewelddadige betogings wat op 11 November 1960, Wapenstilstanddag, in Algiers en op die Champ-Elysées in Parys uitgebreek het. In Algiers is ongeveer 100 burgerlikes en polisiemanne beseer.

Maarskalk Juin, die enigste Franse maarskalk in daardie jare wat in Algerië gebore is, het De Gaulle se beleid verwerp. Hy het gewaarsku dat De Gaulle, na sy mening, Frankryk, Europa en die hele Vrye Wêreld in gevaar stel. Generaal Salan was ook sterk gekant teen De Gaulle se visie omdat dit volgens hom sou lei tot oorgawe aan kommunisme in Algerië. Salan het volgehou met propaganda ten gunste van 'n Franse Algerië en teen 'n Algerynse Algerië.

Ten spyte van die teenkanting teen De Gaulle se beleid en die uitsprake daarteen het De Gaulle wye steun van meer gematigdes, wat 'n onderhandelde skikking voorgestaan het, geniet.[102]

Na die aankondiging van 'n nasionale referendum oor die Algerynse kwessie op 16 November 1960 het De Gaulle samesprekings met sy ministers gevoer, 'n kabinetskommeling gemaak en Louis Joxe as Minister belas met Algerynse sake aangestel. Sy voorstelle is egter steeds deur die rebelleleiers verwerp en daar is met bemiddelingspogings begin deur drie Fransprekende Afrika-leiers, naamlik president Ahmadou Ahidjo (Kameroen), president Hamani Diori (Niger) en Mamadou Dia (eerste minister van Senegal).[103]

Op 7 Desember 1960 het die Franse Nasionale Vergadering se debat oor Algerië begin. Die Franse eerste minister, Michel Debré, het die omvang van Frankryk se ekonomiese

---

[101] J. Ruedy, ***Modern Algeria*** ..., p.178.

[102] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.18061.

[103] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.18062.

en strategiese belange in die suidelike Mediterreense streek, sowel as die uiters belangrike rol wat Frankryk in Algerië gespeel het, beklemtoon.

Die debat het egter uitgeloop op skerp bewoorde aanvalle op De Gaulle. Die hewige debat en fel kritiek het geëindig met 'n herbevestiging van die Franse regering se standpunt aangaande die Algerynse kwessie en die aanvaarding van 'n referendum-wetsontwerp.[104]

Die besluite van die Nasionale Vergadering was die begin van 'n versnelling in die proses om die Algerynse vraagstuk op te los. De Gaulle het Algerië vanaf 9 Desember 1960 besoek om hom self eerstehands van die situasie aldaar te vergewis. Sy besoek het tot oproer gelei, betogings en stakings is deur die Europese bevolking van Algiers en Oran gereël, maar sake het 'n verrassende wending geneem toe die Moslem-bevolking op 10 Desember 1960 met teen-betogings in beide stede begin. Die botsings, wat hierdeur gevolg het, het tot geweld tussen die anti- en pro-Franse groepe gelei en ingryping deur die veiligheidsmagte tot gevolg gehad. Die Moslems van die Algierse Casbah was veral opstandig en het uiters gewelddadig opgetree ter wille van hulle strewe: "Algerië vir die Moslems". Meer as 120 mense het grusaam gesterf voordat die orde op 13 Desember 1960 herstel is.

In hoogs plofbare omstandighede het die nuwe afgevaardigde generaal in Algerië, Morin, regse organisasies in beide Algerië en metropolitaanse Frankryk op 14 Desember 1960 verban. Hy het 68 winkels vir drie weke lank gesluit omdat hulle bevele om oop te bly gedurende die stakings verontagsaam het en hy het dissiplinêre stappe teen generaal Salan geneem. Morin se optrede het verdere protes deur Moslem-senatore teen die sogenaamde onregverdige en ongelyke behandeling van die Moslem-oproermakers in vergelyking met die Europese burgerlike groepe tot gevolg gehad.[105]

In Parys is 'n nuwe beweging, die Regroupment National pour l' unite de la Republique (RNUR; Nasionale Hergroepering vir die Eenheid van die Republiek) onder leiding van Jacques Soustelle gestig met die doel om 'n NEE-stem in die referendum te bevorder.[106]

De Gaulle se verklarings ten opsigte van Frankryk se Algerynse beleid aan die einde van 1960 en sy direkte en openlike erkenning dat 'n onafhanklike Algerynse Republiek die resultaat van 'n onderhandelingsproses sou wees, het tot direkte onderhandelinge

---

[104] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.18062.

[105] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.18064.

[106] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.18065.

tussen die Franse regering en die rebelle se Voorlopige Regering van die Algeriese Republiek (GPRA) met die hulp van president Habib Bourguiba van Tunisië gelei.[107]

Die referendumuitslag in Januarie 1961, waartydens die steun vir die De Gaulle beleid getoets is, was oorweldigend ten gunste van sy beleid, hoewel 40% van die stemgeregtigde Algeryne nie aan die verkiesing deelgeneem het nie. In Frankryk, Algerië en die ander Franse koloniale gebiede was daar 'n 3:1 meerderheid ten gunste van De Gaulle se selfbeskikkingsbeleid en van 'n wet, wat interim veranderinge in die administrasie tot selfbeskikking sou wettig.[108] Subtiele veranderinge in die Franse samelewing het uiteindelik 'n milieu geskep waarin Algerynse dekolonisasie werklikheid kon word.[109]

Die Franse koloniste en 'n faksie binne die weermag het die totstandkoming van Algerië egter steeds onaanvaarbaar gevind. Met die hulp van die Franse Vreemde Legioen het vier offisiere, naamlik generaals Maurice Challe, Edmond Jouhaud, Raoul Salan en Marie-André Zeller, op 21 April 1961 'n staatsgreep probeer uitvoer. Dit het openlike muitery deur 'n groep Franse troepe, gesteun deur die koloniste, wat De Gaulle as 'n verraaier beskou het, veroorsaak. Ongelukkig vir die samesweerders het slegs die eenheidsbevelvoerders naby die hoofstad hulle gesteun. Die meerderheid van die Franse weermag het lojaal aan De Gaulle gebly en die leiers van die staatsgreep binne drie dae gearresteer. Gedetermineerde ondersteuners van die staatsgreep het die Organisation Armee Secrete (OAS) tot stand gebring. Die OAS het die stryd voortgesit deur aanvalle op die FLN en alle Franse, wat gewillig sou wees om Algerië in die steek te laat.[110]

Die idee van mag wat die OAS onder die bevolking geskep het, was vals. In werklikheid was die OAS-aktiviste min, onseker oor hul doelstellings en ernstig verdeel oor taktiek en ideologie. Nadat die Franse polisie die mag van die OAS verbreek het, het dit aan die lig gekom dat die organisasie slegs ongeveer 3 000 lede gehad het, waarvan net 100 by

---

[107] J.D. Fage, ***A history of Africa***, p.467.

[108] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1959 - 31 Dec. 1960, vol. 12, no. 1211, p.18059; R. Aldrich, ***Greater France: a history of French overseas expansion***, p.296.

[109] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.170; J.D. Fage, ***A history of Africa***, p.467.

[110] R. Aldrich, ***Greater France*** ..., p.296; H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.460; K. Smith & F.J. Nöthling, ***Afrika noord van die Limpopo*** ..., p.363; P. Curtin et al., ***African history***, p.587.

dade van terreur betrokke was. Slegs OAS-lede wat voorheen deel van die weermag was, het ervaring van 'n ondergrondse organisasie gehad, die res was amateurs.[111]

Hoewel die beplande staatsgreep misluk het, het dit die dilemma waarin De Gaulle, vasgevang tussen die wreedheid van die OAS en die FLN, verkeer het, duidelik onderstreep.[112]

Ná die referendum het die Franse parlement onmiddellik ingewillig tot die eerste desentralisasiemaatreëls om die verantwoordelikheid van die plaaslike Algerynse administratiewe liggame te vergroot en die proses om aan die Moslems groter regte te gee, te verhaas.

Streekrade is in Algiers, Oran en Constantine gevestig om die funksies van die afgevaardigde generaal oor te neem en om nouer kontak tussen die administrasie en die verkose verteenwoordigers te bewerkstellig.

Departementele rade vir departementele ontwikkelingsprogramme en kapitaalontwikkeling is in die lewe geroep. Distrikvergaderings het die distrikte by die desentralisasieproses betrek en wyer magte oor die daaglikse administrasie van alle publieke dienste in hulle streke is aan streekshoofde gegee.

Vanaf Maart 1961 is nuwe bevelstrukrure vir die polisie in Algiers en Oran geskep en is die veiligheidsmagte aan die burgerlike owerhede teruggegee.

Voordat die spesiale magte van president De Gaulle en die regering, wat slegs tot 5 Februarie 1961 van krag was, verstryk het, is nuwe wette oor aanhouding, eiendomsbeskadiging en die omstandighede waaronder 'n persoon sy Franse nasionaliteit ontneem mag word, uitgereik.[113]

Generaal De Gaulle moes na talle mislukte pogings om 'n skikking met die inheemse Arabiese leiers te bereik toegee aan hul eise en onderhandelings met die GPRA aanknoop.

Tydens Mei 1961 is die eerste Evian-konferensie gehou. Die maande van onderhandeling is gevul met die wreedste terreurdade in die oorlog. OAS-skuts het hulpelose Algeryne in hospitaalbeddens vermoor, FLN-terroriste het blanke tieners op strande doodgeskiet, bomme het beide blanke koloniste en Moslems in Algiers en Oran

---

[111] J. Talbott, ***The war without a name*** ..., p.218.

[112] J. Ruedy, ***Modern Algeria*** ..., p.179; J. Talbott, ***The war without a name*** ..., p.217.

[113] Keesings Contemporary Archives, ***Weekly dairy of world events***, 1 Jan. 1961 - 31 Dec. 1962, vol. 13, no. 1262, p.18068.

afgemaai, terwyl bomaanvalle in Parys aan die orde van die dag was. Polisie-optrede ná 'n bomontploffing waarin 'n klein dogtertjie blind gelaat is, het tot die dood van agt betogers gelei toe derduisende woedende Parysenaars optogte gehou het om hul afkeer aan en verset teen die terreur te toon.[114]

'n Finale ooreenkoms is bereik nadat die veiligheidsmagte die OAS se mag verbreek het. In die samesprekings met die GPRA is hoofsaaklik oor drie sake onderhandel:

1. skietstilstand;
2. die regte op afvalprodukte in die Sahara olie- en gasvelde;
3. waarborge aan die *pieds noirs* oor hulle posisie in 'n onafhanklike Algerië.

'n Skikking is op 18 Maart 1962 bereik en die skietstilstand het op 19 Maart in werking getree.[115]

2.7 Gevolge

Die gevolge van die blanke verset teen onafhanklikheid in Algerië was nie alleen een van die bloedigste in die moderne tyd nie, maar dit het ook verreikende implikasies vir beide lande ingehou. Ná die oorlog is die totale bevolking drasties herversprei, materiële en lewensverlies is gely, die traumatiese agt jaar van oorlog het diep letsels op beide lande se bevolkings gelaat en verhoudinge tussen Frankryk en Algerië sou vir dekades gespanne bly.

Die grootste toets vir Franse onderhandelaars was om die regte van die eens dominante blanke minderheid in Algerië, wat verantwoordelik was vir die moederland se optrede gedurende die vyftigerjare, te verseker. Daar moes sekerheid wees dat die blankes, wat soveel haat by die inheemse bevolking gewek het, vreedsaam sou kon voortbestaan in 'n nuwe Algerië. In die Evian-samesprekings is hulle verseker dat die koloniste geen weerwraak hoef te vrees nie, maar die Algeryne kon en wou geen waarborge verskaf nie, veral aangesien hulle van mening was dat dit hulle nuutgevonde soewereiniteit sou skaad. Onderhandelinge oor die regte en voorregte van die blankes in Algerië was nie 'n saak waaroor konsensus bereik kon word nie en die gevolg daarvan was die ontworteling van honderde duisende *pieds noirs*, baie van

---

[114] J. Talbott, ***The war without a name*** ..., p.217.

[115] H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.460.

hulle mense wat geslagte lank deel van die ontwikkeling van Algerië was en vir wie Algerië in elke sin van die woord 'n vaderland was.[116]

Die dekolonisasie het 'n groot demografiese probleem geskep. Ongeveer een miljoen Algeryne het Franse burgerskap geëis, meestal op grond van Europese herkoms. Aangesien die Evian-ooreenkoms nie tot voordeel van die *pieds noirs* gesluit is nie, het groot getalle Europeërs en Jode Algerië vinnig en met slegs geringe besittings verlaat. Terwyl die Jode 'n nuwe tuiste in Israel kon vind, het groot getalle koloniste in 1962 hulself vir die eerste keer in hul lewens op Franse bodem bevind, aangesien hulle reeds geslagte lank as blanke Algeryne en mense van gemengde bloed in Algerië geleef het. 'n Belangrike groep wat hervestig moes word was die Arabiessprekende Moslems wat lojaal aan die Franse regering gebly het.[117]

In die kort tyd voordat die Franse weermag uit Algerië vertrek het, het honderde duisende blanke setlaars, mense van gemengde afkoms, sowel as Moslems wat lojaal aan die Franse regering gebly het, hulle aardse besittings opgepak en deur Algiers se lughawe na Europa gestroom. Die helfte van die *pieds noirs* het hulle in die suide van Frankryk in stede soos Marseille en Provence gevestig, terwyl ongeveer 'n kwart 'n nuwe lewe in Parys gaan soek het. Vir die meeste van die *pieds noirs* het die hervestiging met bitterheid teenoor die Franse regering gepaard gegaan, maar kon hulself relatief vinnig in besighede, regeringsinstansies en professies vestig. Ironies genoeg was dieselfde Frankryk wat hulle uit Algerië ontwortel het by magte om vanweë die groei en welvaart wat die Europese Ekonomiese Gemeenskap geskep het vir hierdie vlugtelinge 'n nuwe tuiste en lewe te bied.[118]

Die *pieds noirs* moes hulle eiendomme, bates en lewenswyse opoffer en kon nie reken op spoedige skadevergoeding deur die Franse regering nie. Hulle was gedwing om in Frankryk te integreer met gemeenskappe waarin hulle geen historiese wortels of familie gehad het nie. Baie *pieds noirs* het 'n wrewel teenoor die Franse regering gekoester weens die feit dat die land op wie se beskerming hulle gereken het, hulle in die steek gelaat het, terwyl die deursnee stedelike Fransman nie veel van die *pieds noirs* gedink het nie. Hulle is, aldus Aldrich,[119] beskou as bewys van 'n koloniale avontuur wat

---

[116] J. Talbott, ***The war without a name*** ..., p.226.

[117] R. Aldrich, ***Greater France*** ..., p.312.

[118] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.174; K. Smith & F.J. Nöthling, ***Afrika noord van die Limpopo*** ..., p.363.

[119] R. Aldrich, ***Greater France*** ..., p.312.

drasties skeef geloop het. Hoewel hulle deurlopend eise om skadevergoeding ten opsigte van hulle verliese teen Frankryk ingestel het, het hulle eers in 1970 geringe skadevergoeding begin ontvang.[120]

Die Algeryns-Franse lewenswyse en kultuur wat die *pieds noirs* aangehang het, het nie verdwyn nie. Ongeveer 350 000 voormalige *pieds noirs* en hul afstammelinge beywer hulle steeds in kulturele verenigings of deur nuusbriewe of studiesentra of kransleggings op die herdenkingsdag van die 1954-rebellie daarvoor dat die lewe in die "goeie ou dae" in Algiers, Oran en Constantine in herinnering bly voortleef.[121]

Die *pieds noirs* is mettertyd in die bevolking geassimileer en kon vooruitgaan, maar vir die Algerynse Moslems wat lojaal aan die Franse gesag was, die sogenaamde *harkis*, het die gedwonge hervestiging nie so vlot verloop nie.[122] Vir die *harkis*, wat om verskeie redes trou aan Franse gesag in Algerië gebly het en deel van die Franse militêre korps was, was die hervestiging in Frankryk baie traumaties. Hierdie Noord-Afrikaanse troepe was deel van Frankryk se poging om die oorlog te Algeryniseer en die druk op Franse troepe te verlig. Tydens die oorlog het hulle minder voorregte en vergoeding as die Franse soldate ontvang en teen die einde van die oorlog het die FLN onderneem om die land van alle Algeryne, wat met die Franse saamgewerk het, te suiwer. In die proses, wat 85 000 *harkis* gedwing het om die land te verlaat en 'n nuwe heenkome in Frankryk te vind, is tussen 10 000 en 150 000 Algeryne wreedaardig vermoor.[123]

Die *harkis*, deur die onafhanklike Algerië gebrandmerk as verraaiers, was vir Frankryk 'n las. Vrese dat van die *harkis* gevaarlike bande met die OAS en selfs die FLN kon hê, was moeilik om te besweer. Synde arbeiders sonder formele opleiding en met beperkte kennis van Frans is hulle met besondere struikelblokke ten opsigte van integrasie gekonfronteer.[124]

Die owerhede het die *harkis* in tydelike kampe geplaas en daarvandaan na hoofsaaklik bosbou-gebiede herontplooi. Hoewel die politici beter opleiding en ander voordele aan hulle belowe het, het weinig van die beloftes gerealiseer. Teen 1975 was materiële sukses onder die sowat 200 000 *harkis* in Frankryk die uitsondering op die reël. Baie

---

[120] R. Aldrich, ***Greater France*** ..., p.313; J. Ruedy, ***Modern Algeria*** ..., pp.189-201.

[121] R. Aldrich, ***Greater France*** ..., p.313.

[122] R. Aldrich, ***Greater France*** ..., p.314; K. Smith & F.J. Nöthling, ***Afrika noord van die Limpopo*** ..., p.363.

[123] R. Aldrich, ***Greater France*** ..., p.314; J. Ruedy, ***Modern Algeria*** ..., pp.189-201.

[124] R. Aldrich, ***Greater France*** ..., p.314.

harkis het steeds in kampe geleef sonder om in aanmerking te kom vir voordele en skadevergoeding soos dit waarop die *pieds noirs* geregtig was. Hulle het armoedig gelewe, daar was 'n hoë werkloosheidstendens en ook 'n hoër geneigdheid tot mislukking op skool onder hulle as wat die geval met die res van die Franse bevolking was, terwyl hulle ook 'n toenemende gevoel van rassisme teenoor hulle beleef het.[125]

Die publieke mening in Frankryk was deurgaans verdeel oor die meriete van die Algerynse kwessie. Die swak verhoudinge binne gemeenskappe tussen aanhangers van botsende opinies het verhoudinge binne die Franse gemeenskap vertroebel. Negatiewe en rassistiese gevoelens het gelei tot aandklokreëls in Parys en die marteling van en moorde op talle ondersteuners van en simpatiseerders met die FLN in Oktober 1961.[126]

Ná die referendum was die posisie van die Algeryne binne Frankryk, hulle isolasie en die diepte van die rassisme teenoor hulle duidelik in veral polisie-optrede teenoor hulle. Die beste voorbeeld van dié houding is die gebeure van Oktober 1961. Ongeveer 40 000 Algeryne in Parys, wat deelgeneem het aan 'n vreedsame opmars om hul solidariteit met hulle leiers by die onderhandelingstafel te toon, is deur die polisie aangeval en 'n bloedbad het gevolg. Die verskeurdheid van die bevolking in hierdie tyd blyk duidelik uit die feit dat pogings deur 'n groepie intellektueles om die volle omvang van die bloedbad te openbaar, weinig steun uitgelok het en die massa steeds onaangeraak gestaan het te midde van die gruwels.[127]

Die konflik in Algerië het die publieke lewe in Frankryk vir meer as agt jaar oorheers en ontwrig. Waarskynlik die grootste verlies wat as gevolg van die oorlog gely is, was die verlies aan menselewens. Syfers oor die ongevalle wissel, maar dit wil voorkom of die lewensverlies aan beide kante gesamentlik ongeveer 500 000 was. Behalwe die dood en vernietiging wat dit veroorsaak het, het die 'n groot klomp geld uit die belastingbetaler se sak ingesluk en die land polities verdeel. Letsels, wat selfs dekades later nog nie genees het nie, is op die bevolking gelaat.[128]

Hoewel weinig kennis aangaande die interne strominge en ideologie bekend is, het die afloop van die oorlog getoon dat die Franse weermag inderdaad suksesvol was met die

---

[125] R. Aldrich, ***Greater France*** ..., p.314.

[126] R. Aldrich, ***Greater France*** ..., p.298.

[127] N. Mac Master, ***Colonial migrants and racism*** ..., p.201.

[128] Aldrich R., ***Greater France*** ..., p.298.

poging om wantroue onder die inheemse Algerynse leiers te skep. Die feit dat talle leiers in ballingskap was, het 'n interne kommunikasiegaping binne die FLN veroorsaak sodat daar van konsensus ten opsigte van strategie weinig sprake kon wees. Die onderlinge geweld en genadeloosheid tussen die vryheidsvegters en hul leiers tydens die rewolusie is na onafhanklikheidswording voortgesit. In die tydperk na onafhanklikheid is tientalle van die oorspronklike FLN-leiers gevange geneem, stilgemaak, in ballingskap verdryf of vermoor.[129] Die direkte gevolg was dat die optrede van die Franse weermag verseker het dat Algerynse Algerië gebou is op skewe perspektiewe en onderlinge wantroue, wat gelei het tot die militêre gesagstaat waarin Algerië na onafhanklikheid verander het.[130]

Dat 'n Franse president eers gedurende 1975 weer 'n amptelike besoek aan Algerië gebring het, illustreer die aard van die verhouding tussen Frankryk en Algerië tot op daardie stadium. Hoewel die Franse regering van meet af aan sensitief ten opsigte van diplomatieke beleid ten opsigte van Algerië was, het die FLN-regering knorrig reageer op byna alle Franse inisiatiewe. Sake soos die bates van die *pieds noirs*, hul dubbele burgerskapsregte, migrasiewerkers, die pogings om die Franse taal en kultuur te bevorder, Franse belange by die prospektering van Algerië se natuurlike gasbronne, rassespanning in Frankryk en Islamitiese fundamentalisme het Frans-Algerynse verhoudinge versuur.[131]

Die dekolonisasie van Algerië en die weerstand van die blanke minderheid in die land daarteen het Frankryk duur te staan gekom. Nie alleen het Frankryk algehele beheer oor Algerië en daarmee saam baie toekomstige voordele wat uit die gebied verkry kon word verloor nie, maar die tol van die gewapende verset was hoog in terme van menselewens en geld.

Ten spyte van al die letsels wat die verset en teenverset van die vroeë sestigerjare op Algerië gelaat het, was die Franse invloed daar tog in baie opsigte blywend. Dit is onder meer tans nog sigbaar in die infrastruktuur en onderwysstelsel.[132]

---

[129] E. Kedourie, "The wretched of Algeria: a nation travails under imperialism and since independence", ***Times Literary Supplement***, 10 Jul. 1992, p.3.

[130] R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981*** ..., p.175.

[131] R. Aldrich, ***Greater France*** ..., p.320.

[132] A. Horne, ***A savage war of peace*** ..., p.60.